basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENINGKUNDE V1

## NOVEMBER 2022

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye,**
**'n formuleblad en 'n 11 bladsy-antwoordeboek.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Maatskappy Finansiële State:<br>Staat van Omvattende Inkomste en<br>Staat van Finansiële Posisie | 60 | 45 |
| **2** | Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers | 35 | 25 |
| **3** | Vertolking van Finansiële State | 40 | 35 |
| **4** | Korporatiewe Bestuur | 15 | 15 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

**VRAAG 1: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE: STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE EN STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE**
**(60 punte; 45 minute)**

Die inligting het betrekking op Laysano Bpk. vir die finansiële jaar geëindig op 28 Februarie 2022.

**GEVRA:**

1.1 **Verwys na Inligting B (i).**

Bereken die koste van die beskadigde voorraad. (5)

1.2 **Verwys na Inligting B (ii).**

Bereken:

1.2.1 Die wins/verlies met verkoop van die afleweringsvoertuig (5)

1.2.2 Totale waardevermindering vir die jaar (4)

1.3 Voltooi die volgende vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022:

1.3.1 Staat van Omvattende Inkomste (28)

1.3.2 Ekwiteite en Laste-afdeling van die Staat van Finansiële Posisie (18)

**LET WEL:** Sommige bedrae word in die ANTWOORDEBOEK verskaf.

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel: Saldo's en totale uit die rekords op 28 Februarie:**

| | **2022** | **2021** |
|---|---|---|
| | **(R)** | **(R)** |
| Gewone aandelekapitaal | 6 670 000 | |
| Behoue inkomste | **?** | |
| Lening: Saturn Bank | 1 159 000 | 1 280 750 |
| Debiteurekontrole | 2 746 300 | |
| Voorsiening vir oninbare skulde | **?** | 85 840 |
| Vaste deposito | 1 830 000 | |
| SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belastingbetalings) | 130 000 | |
| Krediteurekontrole | 428 000 | |
| Verkope | 9 355 250 | |
| Koste van verkope | 5 665 250 | |
| Direkteursgelde | 1 124 000 | |
| Ouditfooie | 83 000 | |
| Salarisse en lone (bydraes ingesluit) | 1 381 500 | |
| Kommissie-inkomste | 4 560 | |
| Huurinkomste | 183 600 | |
| Sekuriteitsuitgawes | 72 500 | |
| Rente op vaste deposito | **?** | |
| Rente op lening | 142 250 | |
| Waardevermindering | 328 200 | |
| Diverse uitgawes | **?** | |
| Dividende op gewone aandele (tussentyds) | 207 000 | |

**B. Addisionele inligting:**

(i) **Voorraadrekords:**

- Die besigheid verkoop sporthemde.
- Die geweegdegemiddelde-metode word gebruik om die hemde te waardeer.
- Die volgende inligting is uit die rekords geneem:

| | EENHEDE | EENHEIDS-PRYS | TOTAAL R |
|---|---|---|---|
| Voorraadsaldo: 1 Mrt. 2021 | 1 900 | R660 | 1 254 000 |
| Aankope gedurende die jaar | 7 100 | R750 | 5 325 000 |
| **Totaal vir verkoop beskikbaar** | **9 000** | | **6 579 000** |
| Voorraadsaldo: 28 Feb. 2022 | 1 185 | **?** | **?** |
| Eenhede verkoop | 7 750 | | |

- **LET WEL:** Beskadigde hemde is nie by die eindvoorraadsyfer ingesluit nie. Die beskadigde hemde moet as 'n verlies afgeskryf word.

(ii) **Vaste bates:**

| | 2022 R | 2021 R |
|---|---|---|
| Grond en geboue | | |
| Voertuie | **?** | 1 750 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | **?** | 620 000 |
| Toerusting | 956 000 | **?** |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | **?** | 318 000 |

- Voertuie se waarde verminder teen 20% p.j. op 'n verminderde saldo.
- Toerusting se waarde verminder teen 15% p.j. op kosprys.

Die boekhouer het die totale waardevermindering op vaste bates as R328 200 bereken, voordat die volgende in berekening gebring is:

**Voertuie:**

- 'n Ou afleweringsvoertuig, met 'n drawaarde van R170 000 op 1 Maart 2021, is op 1 Desember 2021 vir R140 000 verkoop.

**Toerusting:**

- 'n Alarmstelsel wat R48 000 kos, is op 1 Augustus 2021 geïnstalleer.

(iii) R33 700 ontvang van 'n debiteur, wie se rekening vroeër as oninbaar afgeskryf is, is foutiewelik na die Debiteurekontrolerekening oorgeboek. Dit moet reggestel word.

Die voorsiening vir oninbare skulde moet dan tot 3% van die Debiteurekontrole-saldo aangepas word.

(iv) Die onderneming het met Always-Safe Sekuriteit 'n kontrak geteken om die perseel te bewaak. 'n Jaarlikse premie van R32 400 vir die periode geëindig 31 Julie 2022 is ten volle op 1 Augustus 2021 betaal.

(v) Alle besonderhede ten opsigte van 'n werknemer se Februarie 2022-salaris is foutiewelik teen die Diverse-uitgawes-rekening gedebiteer. Die volgende inligting het op sy salaris betrekking:

| **NETTO SALARIS** | **AFTREKKINGS** | |
|---|---|---|
| | **SAID: LBS** | **PENSIOENFONDS** |
| R11 525 | R3 235 | R990 |

Die onderneming dra R2 tot die Pensioenfonds by vir elke R1 afgetrek.

**LET WEL:** EFO-betalings is reeds verwerk vir al die toepaslike bedrae betaalbaar.

(vi) 'n Huurder huur sedert Maart 2020 kantoorruimte op die perseel. Sy het die huur tot 30 April 2022 betaal. Let daarop dat die maandelikse bedrag met ingang van 1 Januarie 2022 met R1 350 verminder is.

(vii) **Inkomstebelasting** vir die jaar is teen 30% van die netto wins bereken. Die netto wins na belasting is R356 300 na aanpassings.

(viii) **Lening: Saturn Bank**

- Alle transaksies ten opsigte van die lening is opgeteken.
- Rente van R142 250 op die lening is gekapitaliseer.
- 'n Vaste maandelikse paaiement (rente ingesluit) is ten volle betaal.
- Die kapitaalgedeelte van die terugbetalings sal met 10% oor die volgende finansiële jaar verhoog.

(ix) **Aandele en dividende:**

- Op 28 Februarie 2022 was daar 1 150 000 uitgereikte aandele.
- 'n Finale dividend is op 28 Februarie 2022 verklaar.
- Totale dividende vir die jaar het R345 000 beloop.

(x) **Netto batewaarde per aandeel (NBW):**

Nadat al die aansuiwerings in berekening gebring is, is die netto batewaarde (NBW) korrek as 675 sent per aandeel bereken.

**60**

## VRAAG 2: KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS

**(35 punte; 25 minute)**

2.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 (Solvensie/Likiditeit) is die onderneming se vermoë om alle skuld af te betaal met gebruik van bestaande bates.

2.1.2 Effektiewe beheer van inkomste en uitgawes is 'n weerspieëling van (risiko/winsgewendheid).

2.1.3 Die gebruik van lenings om 'n maatskappy te finansier, staan as (opbrengs/hefboom) bekend. (3 x 1) (3)

2.2 **EAGLE BPK.**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2022. Die besigheid is met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 1 800 000 aandele geregistreer.

**GEVRA:**

2.2.1 Stel die Behoue-inkomste-nota op 28 Februarie 2022 op. (7)

2.2.2 Bereken die volgende bedrae vir die Kontantvloeistaat:

- Inkomstebelasting betaal (4)
- Fondse aangewend vir die terugkoop van aandele (5)
- Netto verandering in kontant en kontantekwivalente (4)

2.2.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2022:

- Skuld-ekwiteit-verhouding (3)
- % opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend (5)
- Dividende per aandeel (4)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel: Staat van Omvattende Inkomste op 28 Februarie 2022:**

| | |
|---|---|
| Verkope | R11 232 000 |
| Waardevermindering | 428 300 |
| Rente op lening | 382 000 |
| Netto wins voor belasting | 1 297 700 |
| Inkomstebelasting | 389 300 |
| Netto wins na belasting | 908 400 |

**B. Items uit die Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie geïdentifiseer:**

| | **2022** | **2021** |
|---|---|---|
| **Aandeelhoursbelang** | **12 350 800** | **10 750 000** |
| Gewone aandelekapitaal | **11 968 000** | **?** |
| Behoue inkomste | **382 800** | **?** |
| Lening: Lilly Bank | 2 886 000 | 3 700 000 |
| **Totale kapitaal aangewend** | **15 236 800** | **14 450 000** |
| **Kontant en kontantekwivalente** | **44 700** | **8 000** |
| Bank | 36 700 | 0 |
| Kleinkas | 8 000 | 8 000 |
| SAID: Inkomstebelasting | 14 400 **Kt.** | 21 300 **Dt.** |
| Aandeelhouers vir dividende | **?** | 271 400 |
| Bankoortrekking | 0 | 133 000 |

**C. Gewone aandele:**

| | **GETAL AANDELE** |
|---|---|
| Getal aandele op 1 Maart 2021 | 1 180 000 |
| Getal aandele op 1 Julie 2021 teen R9,30 elk uitgereik | 300 000 |
| Getal aandele op 1 Januarie 2022 teen R1,40 meer as die gemiddelde aandeleprys teruggekoop | 120 000 |
| Getal aandele op 28 Februarie 2022 | 1 360 000 |

**D. Dividende:**

- Tussentydse (Interim) dividende van R710 400 is op 31 Augustus 2021 betaal.
- 'n Finale dividend van 12 sent per aandeel is op 28 Februarie 2022 aan alle aandeelhouers op die aandeleregister verklaar.

**35**

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

**VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE (40 punte; 35 minute)**

3.1 Kies die toepaslike item uit die lys verskaf wat by ELKE doel hieronder pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

Lys van items wat in 'n maatskappy se jaarverslag sal verskyn:

| | |
|---|---|
| A | Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) |
| B | Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) |
| C | Kontantvloeistaat |
| D | Direkteursverslag |

| NR. | DOEL |
|---|---|
| 3.1.1 | Om die effekte van bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite te weerspieël |
| 3.1.2 | Om 'n geskrewe verduideliking van die finansiële prestasie van 'n maatskappy te verskaf |
| 3.1.3 | Om die prestasie van 'n maatskappy ten opsigte van sy bruto, bedryfs- en netto wins te weerspieël |

(3)

3.2 **JESSIE BPK.**

Die inligting het betrekking op Jessie Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2022.

**AGTERGRONDINLIGTING:**

Mike Stuurman is op 1 Maart 2021, op grond van sy suksesvolle rekord van verbeterde prestasies by ander maatskappye waar hy voorheen gewerk het, as die hoof- finansiële beampte (HFB) aangestel. Hy is nie 'n aandeelhouer van Jessie Bpk. nie.

**GEVRA:**

**LET WEL:** Verskaf syfers, tendense, finansiële aanwysers of berekeninge in ELKE geval om jou kommentaar en verduidelikings te staaf.

3.2.1 **Winsgewendheid:**

Mike het die direksie meegedeel dat hy 'n aantal insidente van vrugtelose en verkwistende uitgawes in die maatskappy se rekords geïdentifiseer en reggestel het. Verskaf TWEE finansiële aanwysers wat die sukses van Mike se strategieë ondersteun. (4)

3.2.2 **Dividende:**

- Verduidelik of die verandering in die dividenduitbetalingkoers in 2022 die maatskappy sal bevoordeel of nie. (3)
- Sue Lee, 'n aandeelhouer wat 5 000 aandele besit, is tevrede met die dividende wat sy ontvang het, ten spyte van die verandering in die dividendbeleid. Verduidelik waarom sy so voel. (3)

3.2.3 **Risiko en hefboom:**

Sommige aandeelhouers voel dat Mike roekeloos was toe hy kort na sy aanstelling as HFB die lening met R3,35 miljoen verhoog het. Verduidelik waarom jy nie met hulle saamstem nie. Verskaf TWEE punte. (6)

3.2.4 **Aandelekapitaal en % aandeelhouding: Verwys na Inligting C en D.**

- Bereken Brent se % aandeelhouding op 28 Februarie 2022. (5)
- Brent en Kerina het besluit dat hulle by die komende algemene jaarvergadering (AJV) hulle stemme sal saamvoeg.
  - Verduidelik EEN moontlike rede vir hierdie besluit, met syfers. (3)
  - As 'n bestaande aandeelhouer, verduidelik waarom jy oor Brent en Kerina se strategie bekommerd sal wees. Verskaf TWEE punte. (4)

3.2.5 **Verwys na Inligting A, B en C.**

Mike het 'n aanbod vir die pos van HFB by Premier Bpk. teen 'n baie beter vergoedingspakket as die huidige een by Jessie Bpk ontvang. Die direkteure van Jessie Bpk. het vergader en voorgestel dat hulle hom 'n beter pakket sal aanbied as die een wat deur Premier Bpk. aangebied is.

Verduidelik DRIE punte wat verband hou met die finansiële uitslae van die maatskappy, behalwe dié wat hierbo genoem is, wat die Vergoedingskomitee kan gebruik om die verhoogde pakket wat hulle aan Mike bied, te regverdig sodat hy by Jessie Bpk. aanbly. (9)

**INLIGTING:**

**A. Finansiële aanwysers op 28 Februarie bereken:**

| | **2022** | **2021** |
|---|---|---|
| Winsopslag-% bereik | 70% | 60% |
| % bedryfsuitgawes op verkope | 14,8% | 27,8% |
| % netto wins op verkope | 24,7% | 10,3% |
| Solvensieverhouding | 3,6 : 1 | 5,3 : 1 |
| Skuld-ekwiteit-verhouding | 0,3 : 1 | 0,2 : 1 |
| Verdienste per aandeel | 408 sent | 123 sent |
| Dividende per aandeel | 190 sent | 120 sent |
| Dividenduitbetalingkoers | 46,6% | 97,6% |
| % opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang | 20,7% | 7,3% |
| % opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend | 16,9% | 7,5% |
| Netto batewaarde per aandeel | 1 841 sent | 1 685 sent |

**B. Addisionele inligting op 28 Februarie:**

| | **2022** | **2021** |
|---|---|---|
| Markprys van aandele op aandelebeurs | 1 920 sent | 1 540 sent |
| Rentekoers op lenings | 7,2% | 8,5% |
| Rentekoers op vaste deposito's | 4,5% | 3,5% |

**C. Uitreik en terugkoop van aandele:**

Gebaseer op Mike se raad het die direkteure besluit om addisionele aandele teen R21,00 per aandeel aan bestaande aandeelhouers uit te reik. Aandeelhouers is toegelaat om 10 aandele aan te koop vir elke 40 aandele wat hulle besit. Alle aandeelhouers het hierdie reg uitgeoefen.

| | **GETAL AANDELE** |
|---|---|
| Getal aandele op 1 Maart 2021 uitgereik | 1 300 000 |
| Getal aandele op 31 Augustus 2021 teruggekoop | 240 000 |
| Getal nuwe aandele op 28 Februarie 2022 teen R21,00 per aandeel aan bestaande aandeelhouers uitgereik (hierdie aandele kwalifiseer nie vir 2022-dividende nie) | 265 000 |
| Getal aandele op 28 Februarie 2022 uitgereik | 1 325 000 |

**D. Uittreksel uit aandeleregister:**

Brent Flower en Kerina Moss is aandeelhouers in die maatskappy, maar nie direkteure nie. Geeneen van hulle aandele is op 31 Augustus 2021 teruggekoop nie.

| | **BRENT FLOWER** | **KERINA MOSS** | **TOTAAL** |
|---|---|---|---|
| Getal aandele in hulle besit op 1 Maart 2021 | 300 000 | 280 000 | 580 000 |
| % aandeelhouding op 1 Maart 2021 | 23,1% | 21,5% | 44,6% |
| % aandeelhouding op 28 Februarie 2022 | **?** | 26,4% | **?** |

**40**

**VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR** **(15 punte; 15 minute)**

Uittreksels uit plaaslike koerante is aangepas en op die volgende bladsy aangebied. Gebruik die inligting aangebied en jou kennis oor maatskappye om die vrae te beantwoord.

**GEVRA:**

4.1 **Die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE)**

**Verwys na paragraaf 1.**

- Verduidelik waarom maatskappye graag op die JSE genoteer wil wees. (2)
- Verduidelik waarom die JSE nie 'foutiewe, vals en misleidende finansiële resultate' van genoteerde maatskappye sal duld nie. (2)

4.2 **Ouditverslae**

**Verwys na paragraaf 2.**

Verduidelik die verskil tussen 'n *gekwalifiseerde ouditverslag* en 'n *weerhouding-van-mening-ouditverslag*. (2)

4.3 **Bekommernisse van die aandeelhouers**

**Verwys na paragrawe 1, 2 en 3.**

As 'n bekommerde aandeelhouer, watter vrae sou jy by die AJV stel? Verskaf DRIE verskillende vrae. Verduidelik 'n toepaslike rede in ELKE geval.
(3 x 3) (9)

**INLIGTING:**

| **JSE TREE OP TEEN VOORMALIGE NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE VAN MALLO BPK.** |
|---|
| **Paragraaf 1**<br><br>Ben Jimo, Kim Lestin en Solly Prins is deur die JSE **gediskwalifiseer** om vir die volgende vyf jaar op die direksie van enige genoteerde maatskappy te dien. Die drie direkteure het nagelaat om hulle oorsigtelike pligte ten opsigte van die finansiële state uit te voer. Die JSE het Mallo Bpk. met R6,5 miljoen beboet vir die publisering van 'n 'aantal stelle **foutiewe, vals en misleidende finansiële resultate**'. |
| **Paragraaf 2**<br><br>Hulle is in 2018 as lede van die Oudit en Risiko-komitee aangestel toe Mallo Bpk. op die JSE genoteer is. Hulle het uit die direksie bedank nadat die maatskappy in 2021 sy ongeouditeerde halfjaar- finansiële resultate gepubliseer het. Die onafhanklike ouditeure het in 2019 'n **gekwalifiseerde verslag** uitgereik en in 2020 'n **weerhouding-van-mening-ouditverslag**. |
| **Paragraaf 3**<br><br>Jimo, Lestin en Prins het almal erken dat hulle geen kennis van **korporatiewe bestuur** of die reëls en regulasies wat die finansiële verslagdoening van 'n JSE-genoteerde maatskappy bestuur, het nie. Hulle het erken dat hulle onervare direkteure is en dus nie hulle plig nagekom het om te verseker dat Mallo Bpk. behoorlike finansiële verslagdoeningsprosedures gereed het nie. |

**15**

**TOTAAL: 150**

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**NOTA:**

* In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou

PLAKKER

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# REKENINGKUNDE V1

# GRAAD 12

# NOVEMBER 2022

## *SPESIALE ANTWOORDBOEK*

| VRAAG | PUNTE | PARAAF | MOD. |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |
| TOTAAL | | | |

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 11 bladsye.**

## VRAAG 1

1.1

| Bereken: Koste van beskadigde voorraad | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

5

1.2.1

| Bereken: Wins/Verlies met verkoop van afleweringsvoertuig | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

5

1.2.2

| Bereken: Totale waardevermindering vir die jaar | |
|---|---|
| **Waardevermindering voor aansuiwerings** | **328 200** |
| **Waardevermindering op verkoopte voertuig** | |
| **Waardevermindering op alarmstelsel** | |
| **TOTALE WAARDEVERMINDERING** | |

4

**LET WEL:** **Die bedrae hierbo bereken, moet na VRAAG 1.3.1, die Staat van Omvattende Inkomste, oorgedra word.**

### 1.3.1 Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022

| | |
|---|---|
| **Verkope** | **9 355 250** |
| **Koste van verkope** | **(5 665 250)** |
| **Bruto wins** | **3 690 000** |
| **Ander inkomste** | |
| **Kommissie-inkomste** | **4 560** |
| | |
| | |
| | |
| | |
| **Bruto bedryfsinkomste** | |
| **Bedryfsuitgawes** | |
| **Direkteursgelde** | **1 124 000** |
| **Ouditfooie** | **83 000** |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| **Diverse uitgawes** | |
| **Bedryfswins** | **575 000** |
| **Rente-inkomste** | |
| **Wins voor rente-uitgawe** | |
| **Rente-uitgawe** | **(142 250)** |
| **Netto wins voor belasting** | |
| **Inkomstebelasting** | |
| **Netto wins na belasting** | **356 300** |

**28**

**1.3.2 Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie 2022**

| | |
|---|---|
| **EKWITEIT EN LASTE** | |
| **GEWONE AANDEELHOUERSBELANG** | |
| **Gewone aandelekapitaal** | **6 670 000** |
| | |
| **NIE-BEDRYFSLASTE** | |
| | |
| **BEDRYFSLASTE** | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| |
|---|
| |
| **18** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **60** |

## VRAAG 2

**2.1**

| | |
|---|---|
| **2.1.1** | |
| **2.1.2** | |
| **2.1.3** | |

**3**

**2.2 EAGLE BPK.**

**2.2.1 BEHOUE-INKOMSTE-NOTA OP 28 FEBRUARIE 2022**

| | |
|---|---|
| **Saldo op 1 Maart 2021** | |
| | |
| | |
| **Gewone aandeledividende** | |
| **Tussentydse dividende** | **710 400** |
| | |
| **Saldo op 28 Februarie 2022** | **382 800** |

**7**

**2.2.2**

| **Bereken: Inkomstebelasting betaal** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**4**

| **Bereken: Fondse aangewend vir die terugkoop van aandele** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**5**

| **Bereken: Netto verandering in kontant en kontantekwivalente** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**4**

**2.2.3**

| Bereken: Skuld-ekwiteit-verhouding | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| 3 |

| Bereken: % opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| 5 |

| Bereken: Dividende per aandeel | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

| |
|---|
| |
| 4 |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **35** |

## VRAAG 3

**3.1**

| | |
|---|---|
| **3.1.1** | |
| **3.1.2** | |
| **3.1.3** | |

| |
|---|
| **3** |

**3.2 JESSIE BPK.**

**3.2.1**

| **Mike het die direksie meegedeel dat hy 'n aantal insidente van vrugtelose en verkwistende uitgawes in die maatskappy se rekords geïdentifiseer en reggestel het. Verskaf TWEE finansiële aanwysers wat die sukses van Mike se strategieë ondersteun. Haal syfers en tendense aan.** | |
|---|---|
| **PUNT 1** | |
| **PUNT 2** | |

| |
|---|
| **4** |

**3.2.2**

| **Verduidelik of die verandering in die dividenduitbetalingkoers in 2022 die maatskappy sal bevoordeel of nie. Haal syfers en tendense aan.** |
|---|
| |

| |
|---|
| **3** |

| **Sue Lee, 'n aandeelhouer wat 5 000 aandele besit, is tevrede met die dividende wat sy ontvang het, ten spyte van die verandering in die dividendbeleid. Verduidelik waarom sy so voel. Haal syfers en tendense aan.** |
|---|
| |

| |
|---|
| **3** |

Kopiereg voorbehou 

**3.2.3**

| **Sommige aandeelhouers voel dat Mike roekeloos was toe hy kort na sy aanstelling as HFB die lening met R3,35 miljoen verhoog het. Verduidelik waarom jy nie met hulle saamstem nie. Verskaf TWEE punte, met finansiële aanwysers, syfers en tendense.** | |
|---|---|
| **PUNT 1** | |
| **PUNT 2** | |

6

**3.2.4 Verwys na Inligting C en D.**

| **Bereken Brent se % aandeelhouding op 28 Februarie 2022.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

5

| **Brent en Kerina het besluit dat hulle by die komende algemene jaarvergadering (AJV) hulle stemme sal saamvoeg.** |
|---|
| **Verduidelik EEN moontlike rede vir hierdie besluit, met syfers.** |
| |

3

| **As 'n bestaande aandeelhouer, verduidelik waarom jy oor Brent en Kerina se strategie bekommerd sal wees. Verskaf TWEE punte.** | |
|---|---|
| **PUNT 1** | |
| **PUNT 2** | |

4

**3.2.5 Verwys na Inligting A, B en C.**

| **Verduidelik DRIE punte wat verband hou met die finansiële uitslae van die maatskappy, behalwe dié wat hierbo genoem is, wat die Vergoedingskomitee kan gebruik om die verhoogde pakket wat hulle aan Mike bied, te regverdig sodat hy by Jessie Bpk. aanbly. Haal toepaslike finansiële aanwysers, syfers en tendense aan.** | |
|---|---|
| **PUNT 1** | |
| **PUNT 2** | |
| **PUNT 3** | |

| |
|---|
| **9** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **40** |

## VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR

### 4.1 Die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE)

**Verwys na paragraaf 1.**

| **Verduidelik waarom maatskappye graag op die JSE genoteer wil wees.** | |
|---|---|
| | 2 |
| **Verduidelik waarom die JSE nie 'foutiewe, vals en misleidende finansiële resultate' van genoteerde maatskappye sal duld nie.** | |
| | 2 |

### 4.2 Ouditverslae

**Verwys na paragraaf 2.**

| **Verduidelik die verskil tussen 'n *gekwalifiseerde ouditverslag* en 'n *weerhouding-van-mening-ouditverslag*.** | |
|---|---|
| | 2 |

**4.3 Bekommernisse van aandeelhoeuers**

**Verwys na paragrawe 1, 2 en 3.**

| **As 'n bekommerde aandeelhouer, watter vrae sou jy by die AJV stel? Verskaf DRIE verskillende vrae. Verduidelik 'n toepaslike rede in ELKE geval.** | | |
|---|---|---|
| | **Vrae wat jy by die AJV sal vra** | **Een rede vir elke vraag** |
| **VRAAG 1** | | |
| **VRAAG 2** | | |
| **VRAAG 3** | | |

| |
|---|
| |
| **9** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **15** |

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENINGKUNDE V1

## NOVEMBER 2022

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

## NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, sal strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Tensy anders getoon, ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). Let wel: As syfers aangedui in memo vir komponente of bewerkings, dra hierdie nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar dit getoon word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items indien kandidate volpunte vir 'n vraag gekry het (maks. -2 per vraag).
8. Hierdie memorandum is nie vir verspreiding in die publiek nie' omdat sekere items dalk verkeerd gehanteer is. Aanpassings is gemaak a.g.v. die nuanses/konteks in sekere vrae.
9. Waar strafpunte toegeken word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
10. Waar metodepunte vir bewerking toegeken word, moet die nasiener eers die redelikheid van die antwoord ondersoek voordat die punt toegeken word.
11. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek.
    LW: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ wees, of soos per nasienriglyne.
12. Bewerkings: Moet nie punte vir bewerkings toeken waar die teller & noemer omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
13. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat in geheel of gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met 'n ☒.
14. Wees bedag daarop dat sommige kandidate geldige alternatiewe buite hierdie nasienriglyne kan gee. Let ook daarop dat een kommentaar meer as een korrekte aspek kan toon.
15. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.**

## VRAAG 1

**1.1**

| **Bereken: Koste van beskadigde voorraad** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 9 000 – 7 750 – 1 185<br>65 ✓✓    6 579 000 / 9 000<br>x 731 ✓✓ | 47 515 ☑<br>een deel korrek |

**5**

**1.2.1**

| **Bereken: Wins/Verlies met verkoop van afleweringsvoertuig** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 170 000 ✓    170 000 x 20% x 9/12<br>– 25 500 ✓✓    – 140 000 ✓ | 4 500 ☑<br>een deel korrek<br>& met – 140 000 |

**5**

**1.2.2**

**Bereken: Totale waardevermindering vir die jaar**

| | |
|---|---|
| **Waardevermindering voor aansuiwerings** | **328 200** |
| **Waardevermindering op verkoopte voertuig** | 25 500 ☑<br>Sien 1.2.1 |
| **Waardevermindering op alarmstelsel**<br>48 000 x 15% x 7/12 | 4 200 ✓✓ |
| **TOTALE WAARDEVERMINDERING** | 357 900 ☑<br>een deel korrek |

**4**

**LET WEL: Die bedrae hierbo bereken, moet na VRAAG 1.3.1, die Staat van Omvattende Inkomste, oorgedra word.**

**1.3.1 Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022**

| | | |
|---|---|---|
| **Verkope** | | **9 355 250** |
| **Koste van verkope** | | **(5 665 250)** |
| **Bruto wins** | | **3 690 000** |
| **Ander inkomste** | | 200 000 ☑* |
| **Kommissie-inkomste** | | **4 560** |
| Huurinkomste (183 600 ✓ – 24 300✓✓)<br>**OF** 135 000 + 24 300 | | 159 300 ☑* |
| Oninbare skulde ingevorder | | 33 700 ✓ |
| Voorsiening vir oninbare skulde aansuiwering | | 2 440✓✓ |
| | | |
| **Bruto bedryfsinkomste** | **8** | 3 890 000 |
| **Bedryfsuitgawes** | BBI – BU | (3 315 000) ☑ |
| **Direkteursgelde** | | **1 124 000** |
| **Ouditfooie** | | **83 000** |
| Salarisse en lone en bydraes<br>(1 381 500 ✓ + 15 750 ✓✓ + 1 980 ✓✓) | | 1 399 230 ☑* |
| Sekuriteitsuitgawes (72 500 ✓ – 13 500 ✓✓) | | 59 000 ☑* |
| Voorraadverlies/voorraad afgeskryf/ handelsvoorraad-tekort | sien 1.1 | 47 515 ☑ |
| Waardevermindering | sien 1.2.2 | 357 900 ☑ |
| Verlies met verkoop van bate ** | sien 1.2.1 | 4 500 ☑ |
| **Diverse uitgawes** | balanseerende syfer uitsluilik | 239 855 ☑ |
| **Bedryfswins** | **15** | **575 000** |
| **Rente-inkomste** | WVRU - BW | 76 250 ☑ |
| **Wins voor rente-uitgawe** | NWVB + RU | 651 250☑ |
| **Rente-uitgawe** | | **(142 250)** |
| **Netto wins voor belasting** | NWNB – IB | 509 000☑ |
| **Inkomstebelasting** | | (152 700) ✓✓ |
| **Netto wins na belasting** | **5** | **356 300** |

* een deel korrek

** Indien verkeerd bereken as wins in 1.2.1 ken metodepunt onder bedryfsinkomste toe

**28**

### 1.3.2 Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie 2022

| | |
|---|---|
| **EKWITEIT EN LASTE** | |
| **GEWONE AANDEELHOUERSBELANG** (1 150 000 x 6,75) | 7 762 500 ✓✓ |
| **Gewone aandelekapitaal** | **6 670 000** |
| Behoue inkomste GAB - GAK **3** | 1 092 500 ☑ |
| **NIE-BEDRYFSLASTE** | 1 025 075 |
| Verbandlening 133 925 drie punte<br>1 159 000 ✓ – (121 750 ✓✓ x 1,1 ✓)<br>+ 12 175<br>133 925 drie punte **5** | 1 025 075☑* |
| **BEDRYFSLASTE** | 746 925 ☑* |
| Handel en ander betaalbare bedrae<br>(428 000 ✓ + 24 300 ☑ sien Huurinkomste) | 452 300 ☑* |
| Korttermyndeel van lening sien lening hierbo | 133 925 ☑ |
| Aandeelhouers vir dividende (345 000 – 207 000) | 138 000 ✓✓ |
| SAID: Inkomstebelasting (152 700 – 130 000) **<br>Sien 1.3.1 | 22 700 ☑☑ |
| ** Indien –130 000 | |
| GAK + NBL + BL **10** | 9 534 500 ☑ |

* een deel korrek

**18**

| **TOTALE PUNTE** | **60** |
|---|---|

## VRAAG 2

**2.1**

| | | |
|---|---|---|
| **2.1.1** | Solvensie ✓ | |
| **2.1.2** | Winsgewendheid ✓ | |
| **2.1.3** | Hefboom ✓ | **3** |

**2.2 EAGLE BPK.**

**2.2.1 BEHOUE-INKOMSTE-NOTA OP 28 FEBRUARIE 2022**

| | | |
|---|---|---|
| **Saldo op 1 Maart 2021** | 516 000 ☑ | |
| Netto wins na belasting | 908 400 ✓ | |
| Aandele teruggekoop 120 000 x R1,40 | (168 000) ✓✓ | |
| **Gewone aandeledividende** bewerking | (873 600) ☑ | |
| **Tussentydse dividende** | **710 400** | |
| Finale dividende 1 360 000 x 12c | 163 200 ✓✓ | |
| **Saldo op 28 Februarie 2022** | **382 800** | **7** |

**2.2.2**

| **Bereken: Inkomstebelasting betaal** | | |
|---|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** | |
| 389 300 ✓ – 21 300 ✓ – 14 400 ✓ | 353 600 ☑<br>een deel korrek | **4** |

| **Bereken: Fondse aangewend vir die terugkoop van aandele** | | |
|---|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** | |
| ✓ ✓✓ ✓<br>120 000 x (R8,80 + R1,40)<br>drie punte een punt<br>1 056 000 + 168 000 | 1 224 000 ☑<br>een deel korrek<br>albei dele in berekening | **5** |

| **Bereken: Netto verandering in kontant en kontantekwivalente** | | |
|---|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** | |
| (133 000 – 8 000)<br>44 700 ✓ + 125 000 ✓✓<br>**OF**<br>–44 700 – 125 000 | 169 700 ☑<br>een deel korrek<br>moet positief wees | **4** |

**2.2.3**

| **Bereken: Skuld-ekwiteit-verhouding** | | |
|---|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** | |
| 2 886 000 ✓ : 12 350 800 ✓ | 0,2 : 1 ✓<br>een deel korrek<br>moet x : 1 wees | **3** |

| **Bereken: % opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend** | | |
|---|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** | |
| 1 297 700 + 382 000<br>1 679 700 ✓✓<br>──────── x 100<br>14 843 400 ✓✓<br>½ (15 236 800 + 14 450 000) | 11,3% ☑<br>een deel korrek<br>moet gemiddeld gebruik<br>moet GAB en NBL insluit | **5** |

| **Bereken: Dividende per aandeel** | | |
|---|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** | |
| 710 400/1 480 000<br>48c ✓✓ + 12c ✓ | 60c ☑<br>een deel korrek<br>moet tusentydse + finale dividende gebruik | **4** |

| **TOTALE PUNTE** | **35** |
|---|---|

## VRAAG 3

**3.1**

| | |
|---|---|
| **3.1.1** | C ✓ |
| **3.1.2** | D ✓ |
| **3.1.3** | A ✓ |

3

**3.2 JESSIE BPK.**

**3.2.1** **Mike het die direksie meegedeel dat hy 'n aantal insidente van vrugtelose en verkwistende uitgawes in die maatskappy se rekords geïdentifiseer en reggestel het. Verskaf TWEE finansiële aanwysers wat die sukses van Mike se strategieë ondersteun. Haal syfers en tendense aan.**

Finansiële aanwyser ✓ ✓ Syfers en tendense ✓ ✓

- <u>% bedryfsuitgawes op verkope</u> het verminder van 27,8% tot 14,8%. Toon voldoende beheer oor uitgawes.
- <u>% netto wins op verkope</u> het vermeerder van 10,3% tot 24,7% as gevolg van 'n daling in uitgawes.

* % winsopslag is 'n doelbewuste besluit; ignoreer indien genoem
. -1 vir oorbodige, addisionele finansiële aanwysers genoem

4

**3.2.2** **Verduidelik of die verandering in die dividenduitbetalingkoers in 2022 die maatskappy sal bevoordeel of nie. Haal syfers en tendense aan.**

Dit het verminder van 97,6% tot 46,6%. ✓

Verduideliking ✓✓ deelpunte vir onvolledige / gedeeltelike / onduidelike antwoorde

**Antwoorde - voordeel vir mpy:**
Mpy het fondse behou vir toekomstige uitbreiding / Doel is om produktiwiteit te verhoog en groei wat hierdie jaar behaal is te handhaaf.

**Antwoorde - geen voordeel vir mpy:** Oorweeg rede(s) en ken punte dienooreenkomstig toe, **bv**. As toekomstige beleggers ontmoedig word om aandele te koop, kan dit aandele se markprys/waarde beïnvloed.

3

**Sue Lee, 'n aandeelhouer wat 5 000 aandele besit, is tevrede met die dividende wat sy ontvang het, ten spyte van die verandering in die dividendbeleid. Verduidelik waarom sy so voel. Haal syfers en tendense aan.**

Verduideliking ✓✓ syfers ✓

LW: Kandidate kan ander finansiële aanwysers noem om te vergoed vir die afname in die dividend-uitbetalingskoers. Moenie vir oorbodige aanwysers in hierdie sub-vraag pernaliseer nie..

- DPA van 190c in 2022 is hoër as 120c in 2021 ontvang/ 70c meer per aandeel hierdie jaar / 58,3% meer.
- Sy verdien R3 500 meer as vorige jaar (R9 500 – R6 000 of 5 000 x 70c).
- Dividendopbrengs was 9,9% of 10,3% (190/1 920 OF 190/1 841) / sy verdien 'n goeie dividendopbrengs van 9,9%/10,3% in vergelyking met haar aandele se waarde

3

**3.2.3** **Sommige aandeelhouers voel dat Mike roekeloos was toe hy kort na sy aanstelling as HFB die lening met R3,35 miljoen verhoog het. Verduidelik waarom jy nie met hulle saamstem nie. Verskaf TWEE punte, met finansiële aanwysers, syfers en tendense.**

-1 vir oorbodige, addisionele finansiële aanwysers genoem

- ***Aanwyse**r*: Skuld-ekwiteitverhouding ✓
  ***Syfers & tendens***: verhoog van 0,2 : 1 tot) 0,3 : 1 / met 0,1 : 1 ✓
- ***Aanwyser***: % opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend (OOTKA)✓
  ***Syfers & Tendens***: vermeerder / verbeter (van 7,5%) tot 16,9%/ met 9,4%-(punte) / met 125,3% .✓

***Verduideliking:***

- Steeds laag gerat / lae finansiële risiko /maak nie te veel staat op geleende kapitaal.✓
- Benut positiewe hefboomfinansiering / OOTKA is hoër as die leningskoers (7,2%) / gebruik lenings effektief om winste te genereer.✓

**6**

**3.2.4 Verwys na Inligting C en D.**

| **Bereken Brent se % aandeelhouding op 28 Februarie 2022.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| (300 000/4)<br>$\frac{300\,000 ✓ + 75\,000 ✓✓}{1\,325\,000 ✓} \times 100$ | 28,3% ☑<br>een deel korrek |

**5**

**Brent en Kerina het besluit dat hulle by die komende algemene jaarvergadering (AJV) hulle stemme sal saamvoeg.**

**Verduidelik EEN moontlike rede vir hulle besluit met syfers.**

deelpunt vir onvolleidige verduideliking

Syfers ✓ Verduideliking ✓✓ (Veronderstelde meerderheidsaandeelhouding)

Deur hulle aandele saam te voeg gee hulle 'n volstrekte meerderheid van 54,7% (28,3% sien hierbo + 26,4% ) van die aandele en sal sodoende meer beheer oor sakebesluite gee.

**3**

**As 'n bestaande aandeelhouer, verduidelik waarom jy oor Brent en Kerina se strategie bekommerd sal wees. Verskaf TWEE punte.**

***'n Baie 'oop' vraag: aanvaar enige geldige punte*** Antwoorde sal verskil as gekombineerde stemreg <50% is

TWEE verskillende moontlike punte ✓✓ ✓✓ Deelpunte vir gedeeltelike / onduidelike antwoorde

- Hulle wend hul magte tot voordeel van die mpy aan / het onetiese motiewe (bv. korrupsie)
- Wil hulself finansieel in die toekoms bevoordeel met hoë direkteursfooie
- Hul vorige ondervinding / vaardighede / kennis as direkteure van 'n maatskappy
- Hul insig in die verantwoordelikhede / magte as meerderheidsaandeelhouers
- Hul bereidwilligheid om op die direksie te dien/ opoffering van hul tyd
- Hul houding: ondersteun hulle die HUB, HFB en ander direkteure / is dit 'n vriendskaplike besluit of 'n aggressiewe poging om beheer te verkry / gewillig om saam met die direksie as 'n span te werk met 'n positiewe houding of nie
- Gehalte van hul bydraes gemaak / kwessies wat hulle by vorige AJVs uitgelig het
- Uitwerking op mpy: as een van hulle hul koalisie verbreek / aandele verkoop en nie meer 'n aandeelhouer is nie / moontlike onstabiliteit in besluitneming

**Moontlike antwoorde vir <50% aandeelhouding**: minderheidsaandeelhouers het regte en kan opinies uitspreek; alhoewel hulle nog nie 'n meerderheid het nie, is die groter gesamentlike % wel betekenisvol

**4**

## 3.2.5 Verwys na Inligting A, B en C.

**NOTA AAN MERKERS:**
Wees bedag daarop die hierdie vraag items vereis wat nie deur kandidate hierbo genoem is nie. Die nasienriglyne bevat die volgende aanwysers wat in antwoorde hierbo genoem is:

% BU op verkope % NW op verkope Dividenduitbetalingskoers/DPA/VPA
Skuld/ekwiteit-verhouding OOTKA

***Indien kandidate egter hierdie items nie in hul antwoorde hierbo genoem het nie, kan hulle dit in hul antwoord in Vraag 3.2.5 hieronder gebruik.***

**Verduidelik DRIE punte wat verband hou met die finansiële uitslae van die maatskappy, behalwe dié wat hierbo genoem is, wat die Vergoedingskomitee kan gebruik om die verhoogde pakket wat hulle aan Mike bied, te regverdig sodat hy by Jessie Bpk. aanbly. Haal toepaslike finansiële aanwysers, syfers en tendense aan.**

deelpunte vir gedeeltelike / onduidelike antwoorde

**LW**: ***Verduidelikings kan dieselfde wees vir verskillende aanwysers***

| **Finansiële of ander aanwysers** 1.✓ 2.✓ 3.✓ | **Verduideliking van bewyse** 1.✓ ✓ 2.✓ ✓ 3.✓ ✓<br>Bv. tendens en syfers / verbetering / addisionele kommentaar / insig wat 'n verhoogde pakket te regverdig / voordeel vir mpy (kan ook geïmpliseer word) |
|---|---|
| Winsgrens % | Verhoog (van 60%) tot 70% en kon steeds hul bruto wins verhoog / klante het vertroue in gehalte van mpy se produkte |
| Verdienste per aandeel (VPA) | Verhoog (van 123c ) tot 408c/ met 231,7%, is 'n duidelike aanduiding van verhoogde produktiwiteit / winsgewendheid. |
| OOAHB | Verhoog (van 7,3%) tot 20,7%/ met 13,4%-punte / met 183,6%. Aandeelhouers behoort tevrede te wees met verhoogde opbrengs / is ook beter as die rente op alternatiewe beleggings (4,5%) |
| Solvensie-verhouding | Alhoewel dit afgeneem het (van 5,3 : 1) tot 3,6 : 1 omdat groot lenings gemaak is, is hierdie fondse effektief in die mpy aangewend |
| Netto batewaarde p.aandeel (NBW)<br>Hanteer as 'n afsonderlike punt | Verbeter (van 1 685c) tot 1 841c / met 156c / 9,3%. 'n Verbetering in groei (bates > laste) |
| Markwaarde (markprys)<br>Hanteer as 'n afsonderlike punt | Verhoog (van 1 540c) tot 1 920c / met 380c / met 24,7%. 'n Duidelike aanduiding van verhoogde vraag na aandele / beleggersvertroue. |
| **Ander aanwysers (kan dalk nie die tradisionele finansiële aanwysers insluit nie)** | |
| Uitreikprys van nuwe aandele | Aandele uitgereik teen R21 wat hoër as markwaarde is. Dit dui daarop dat aandeelhouers tevrede was om meer te belê, ten spyte van tendense. |
| Regte-uitgifte / Bied addisionele aandele aan | Addisionele 265 000 aandele uitgereik teen R21 het R5,6m addisionele kapitaal gegenereer / aandeelhouers is seker van hoër opbrengste in die toekoms / aandele kan aan Mike uitgereik word om hom te motiveer om by mpy te bly. |

| |
|---|
| |
| 9 |

| **TOTALE PUNTE** | **40** |
|---|---|

## VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR

### 4.1 Die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE) Verwys na paragraaf 1.

**Verduidelik waarom maatskappye graag op die JSE genoteer wil wees.**

EEN geldige punt ✓✓ deelpunte vir onvolledige /gedeeltelike / onduidelike antwoorde

- Die publiek kan deelneem aan die aankoop van aandele / makliker toegang tot potensiële beleggers / gee toegang (via internet) tot globale beleggings-omgewing.
- Dra by tot die mpy se goeie beeld (a.g.v. addisionele noteringsvereistes en publisiteit)
- Verseker nakoming van Maatskappywet en ander regulasies (bv BBEEE-telling, ouditvereistes, ens.)
- Makliker toegang tot addisionele kapitaal/fondse met die bekendmaking (advertering) van nuwe uitgifte van aandele in JSE publikasies.
- Die publiek kan hulle eie aandele aanbied aan ander potensiële beleggers as hulle hulle beleggings in 'kontant' wil omsit / fasiliteer die oordrag van aandele
- Konstante opdatering van aandeelpryse kan 'n aanduiding wees van beleggersvertroue / die vraag na aandele / goeie beeld van die maatskappy.

2

**Verduidelik waarom die JSE nie 'foutiewe, vals en misleidende finansiële resultate' van genoteerde maatskappye sal duld nie.**

Verduideliking ✓✓ deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde

- Hulle kan nie die publiek bedrieg nie want dit is hul rol om te verseker dat gesonder sakebestuurpraktyke in plek is / wil nie onsekerheid oor hul bedrywighede skep nie.
- Probeer verhoed wetlike aksie teen die JSE vir die misleiding van aandeel-houers/ JSE se beeld (reputasie) kan onder verdenking kom.
- JSE is 'n belangrike organisasie in die verkryging van kapitaalfondse wat die ekonomie stimuleer / tot werkskepping lei / publiek maak staat op hul geloofwaardige inligting.
- JSE ding mee met internasionale aandeelmarkte / beheer hul aktiwiteite baie goed / verseker dat daar aan hul reëls en regulasies voldoen word.

2

### 4.2 Ouditverslae Verwys na paragraaf 2.

**Verduidelik die verskil tussen 'n *gekwalifiseerde ouditverslag* en 'n *weerhouding-van-mening-ouditverslag*.**

Gekwalifiseerde verslag ✓ Weerhouding-van-mening-verslag ✓
Kan 'n gekombineerde of geïmpliseerde verduideliking wees.

*Gekombineerde antwoord vir 2 punte:* Deelpunte vir onvolledige/onduidelike /vae antwoorde
'n Gekwalifiseerde verslag noem slegs spesifieke items waaroor ouditeure bekommerd is, terwyl die weerhoudingsverslag beteken dat ouditeure weier om 'n opinie uit te spreek.

*Afsonderlike antwoorde vir 1 punt elk:*

- **Gekwalifiseerde verslag:** Eksterne ouditeure het 'n paar kommerwekkende areas geïdentifiseer /wat hulle verhoed om 'n ongekwalifiseerde verslag te gee / Interne beheerprosesse of ouditbewyse is dalk gebrekkig.
- **Weerhouding-van-mening-verslag:** Eksterne ouditeure het geweier of was nie in staat om voldoende bewyse te bekom vir 'n ouditmening nie /Maatskappy het nie betroubare interne beheerprosesse in plek nie / Bestuur is onbevoeg om basiese opteken- en verslaggewingtake uit te voer / Finansiële state voldoen nie aan vereistes van AARP & IFVS (IFRS) nie.

2

**4.3 Verantwoordelikhede van direkteure. Verwys na paragrawe 1, 2 en 3.**
***Dis 'n baie 'oop' vraag; wees bedag op enige ander geldige antwoorde***

| **As 'n bekommerde aandeelhouer, watter vrae sou jy by die AJV stel? Verskaf DRIE verskillende vrae. Verduidelik 'n toepaslike rede in elke geval.** | | |
|---|---|---|
| Enige DRIE geldige vrae<br>✓✓ ✓✓ ✓✓<br>Deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoorde<br>Uitstekend / Baie goed = 2 punte<br>Goed/bevredigend = 1 punt | | Enige DRIE geldige redes<br>✓ ✓ ✓<br>Redes behoort betrekking te hê op 'n vraag<br>Dieselfde rede kan betrekking hê op meer as een vraag/ kan verbatim uit scenario geneem word |
| | **Vrae wat jy by die AJV sou vra** | **Een rede vir elke vraag** |
| **VRAAG** | Waarom lyk dit asof die gediskwalifiseerde direkteure geen vaardighede en/of ondervinding in bestuurs-kwessies het nie? /<br>Waarom is daar nie kriteria vir die aanstel van direkteure nie? | Vir 'n maatskappy om op die JSE gelys te word, word hoogs gekwalifiseerde direkteure vereis. |
| **VRAAG** | Waarom het die direksie nie onmiddellik opgetree teen die gediskwalifiseerde direkteure of aksie geneem op grond van die gekwalifiseerde en weerhoudingsouditverslae nie? | Swak ouditverslae sal die maatskappy asook aandele se markprys ernstig beïnvloed. |
| **VRAAG** | Waarom het hulle nie dissiplinêre stappe teen hierdie direkteure geïmplementeer (voordat die JSE hulle gediskwalifiseer het nie)? | Die direksie moes dadelik opgetree het om verdere probleme te voorkom. |
| **VRAAG** | Waarom is baie belangrike rolle aan hierdie direkteure toegeken? | Dit is onverskillig om belangrike rolle aan direkteure toe te ken wat dit nie kan uitvoer nie. |
| **VRAAG** | Waarom lyk dit asof die direksie en die ander direkteure nalatig of roekeloos was in die aanstel van of stemming vir die ongekwalifiseerde direkteure? | Die direksie en die ander direkteure kan hulself blootstel vir regsaksie a.g.v. nalatigheid / versuim om direkteure te sif of agtergrond na te gaan. |
| **VRAAG** | Watter fondse sal gebruik word om die JSE se R6,5m boete te betaal. | King Kode vereis deursigtigheid in alle prosesse. Winste/ Behoue inkomste kan nadelig geraak word. |
| **VRAAG** | Hoe is die finansiële stabiliteit of winsgewendheid van die mpy deur hierdie insident beïnvloed? | Bedrog in finansiële state kan die mpy se voortbestaan negatief beïnvloed. |
| **VRAAG** | Hoe gaan die vakante nie-uitvoerende direkteursposte gevul word? | Aandeelhouers en direksie moenie stem vir of direkteure aanstel wat nie noodsaaklike vaardighede het nie. |
| **VRAAG** | Watter maatreëls sal die direksie instel om soortgelyke direkteur-aanstellings in die toekoms te vermy? / Watter beheermaatreëls het Oudit & Risiko-komitee in plek vir aanstel van direkteure? | Deursigtigheid/ aanspreeklik- heid/ verbetering van beheermaatreëls |
| | *Aanvaar enige ander geldige vraag* | *Aanvaar redes wat met die vrae ooreenstem* |

**9**

| **TOTALE PUNTE** | **15** |
|---|---|

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou